# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **1130/3**

PAPER 3 Listening Comprehension Approx. 45 minutes

Marks 20 **2017**

**TEACHER'S TEXT**

This document consists of **7** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**ONDERWYSERSTEKS**

Aan die onderwyser:

Alle tekste moet teen ŉ normale tempo deur die onderwyser voorgelees word. Alle instruksies moet stiptelik deur die onderwyser uitgevoer word. Daar moet by die lengtes van pouses gehou word. Die onderwyser sal begin lees nadat die vraestelle uitgedeel is.

Onderwyser (O): Goed, noudat almal vraestelle ontvang het, is daar enige vrae?

*Pouse: 5 sekondes*

O: Nou goed. Kom ons begin. Skryf jou eksamennommer en kandidaatnaam op die voorblad van die vraestel neer. Moenie met enige iemand praat tydens die eksamen nie. Kyk nou na die vrae by Afdeling 1, Oefening 1, Vrae 1 – 5.

*Pouse: 20 sekondes*

## AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1 - 5**

Vir Vrae **1 - 5** sal jy 'n aantal stellings hoor. Beantwoord die vrae op die reëls wat daarvoor voorsien word. Elke stelling sal twee keer gelees word.

**Vraag 1**

Luister na die volgende stelling wat Therese Benade oor akteurs maak.

Met watter minder gegoede akteur is Therese getroud?

*Die bekende 7de Laan aktrise, Therese Benade, het haarself belowe dat sy nooit met 'n arm akteur wil uitgaan nie. Dit was egter voordat sy vir Markus ontmoet het, met wie sy al 'n hele paar jaar getroud is.**

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse 5 sekondes

**Vraag 2**

Fanie se boek het baie geld verdien.

Wat is die titel van Fanie Slinger se boek?

**Woestynvoëls is* Fanie Slinger se eerste amptelike werk wat baie goed verkoop in verskeie winkels regoor die land. Hy het 'n jaar lank navorsing gedoen en meer as ses maande daaraan geskryf.**

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse: 5 sekondes

**Vraag 3**

Wees altyd op jou hoede wanneer jy geld by 'n kitsbank trek.

Watter tyd van die dag moet jy liewer nie 'n kitsbank gebruik nie?

*Wanneer jy geld by 'n kitsbank trek, wees altyd bewus van wat om jou aangaan. Moenie 'n transaksie saans laat doen of as daar iemand agter jou staan nie.**

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse: 5 sekondes

**Vraag 4**

Hou die volgende in gedagte wanneer jy tiemie koop.

Watter tipe geur moet droë, vars tiemie hê?

*Tiemie moenie swart of gekneus wees wanneer jy dit koop nie.  Droë tiemie moet steeds 'n sterk geur hê wanneer jy die botteltjie skud of die blare tussen jou vingers vryf.**

Pouse:  10 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse 5 sekondes

**Vraag 5**

Maak so 'n beesvleis- en- sampioenbredie.

Wat moet jy met die knoffelhuisies doen?

*Verhit  die olie en braai die uie en fyngedrukte knoffel tot dit sag is.  Bedek die vleis met meel, sout en peper en verbruin.  Voeg sampioene laaste by en laat prut tot sag.**

Pouse:  10 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse:  5 sekondes

O:  Dit is die einde van Afdeling 1, Vrae 1 – 5.  Kyk nou na Oefening 2, Vrae 6 – 10.

Pouse:  20 sekondes

**Oefening 2: Vrae 6 - 10**

Luister na die artikel oor medisinale plante en beantwoord Vrae 6 tot 10 deur slegs ŉ regmerkie (✓) in die Waar of Onwaar blokkie te maak.
Jy sal die voorlesing twee keer hoor.

**MEDISINALE PLANTE**

*Gedink plante is net daar om mooi te lyk? Dink weer. Heelwat plante in Suid-Afrika kan gebruik word om jou gesond te maak.

Plante is noodsaaklik vir lewe op aarde omdat hulle ons suurstof gee sodat ons kan asemhaal. Hulle verskaf ook kos, klere en beskutting én maak ons tuine mooi. Sommige help ook om siektes en gesondheidsprobleme te behandel. Verskillende inheemse plante is geneeskragtig.

Die bitteraalwyn is ŉ vetplant wat tot 3 m hoog word. Dié meerjarige plant het ŉ sterk ondergrondse wortelstelsel en ŉ enkele, stokkerige stam. Die breë blare is vaalgroen en dit verkleur rooierig tydens die droogte. Aalwynsap word uit die blare getap en tradisioneel vir maagprobleme gebruik. Die bitteraalwyn word ook gebruik vir velirritasies.

Wildeknoffel is ŉ vinniggroeiende, meerjarige bolplant wat tot 0,5 m hoog groei. Die blare is dun en die wortels is dik en knolagtig. Die blare en stingels word gebruik vir die behandeling van koors en rumatiek. Die gekookte bolle word gebruik teen tuberkulose en wurms. Die blare word gebruik om slukdermkanker te behandel.

Die Afrika-patat is ŉ meerjarige plant wat bladwisselend is. Dit word tradisioneel vir blaasprobleme en depressie gebruik.

Wildegemmer is ŉ meerjarige plant met pienk-en-wit blomme met ŉ breë tregtervorm. Die liggroen, hartvormige blare kom aan stamagtige blaarbasse voor. Die stamme word tot 2 m hoog. Vars wortels word gekou om griep te verlig.**

Pouse: 20 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse 20 sekondes

O: Dit is die einde van Afdeling **1**, Oefening **2**, Vrae **6** -**10**. Kyk nou na Afdeling 2, Oefening 1, Vrae 11 - 15.

Pouse 20 sekondes

## AFDELING 2

**Oefening 1: Vrae 11 – 15**

Luister na die voorlesing oor eetsteurnisse en beantwoord Vrae **11 – 15**. Jy sal die voorlesing twee keer hoor.

*Vir die meeste mense is kos ŉ energiebron wat ons liggame van lewensbelangrike voedingstowwe voorsien. Ons het ook ŉ sekere emosionele verbintenis met kos: gunstelinggeregte maak mense opgewonde, terwyl sjokolade weer ŉ móét is vir wanneer hulle terneergedruk voel.

Nie almal het ŉ gemaklike verhouding met kos nie. As jy heeltyd behep is met kos, kan dit tot eetsteurnisse lei wat die liggaam aftakel.

Miljoene mense word deur eetsteurnisse geraak. Voorbeelde van eetsteurnisse is: bulimie, ooretery en anoreksie. Die algemeenste eetsteurnis is uithongering tot die dood intree (anoreksie). Meer as 90% van die mense wat daardeur geraak word, is adolessente meisies uit die hoër sosiaal-ekonomiese klas, hoewel al meer ouer seuns ook daaraan begin ly.

Verskeie dinge lei tot eetsteurnisse:

- Glanstydskrifte, modelle, televisie en flieks plaas baie klem op skraal figure, asof dit die heel beste manier is om te lyk.
- Navorsing het bewys dat eetsteurnisse dikwels die regstreekse gevolg is van ŉ streng verslankingsdieet.
- Gedrags- en omgewingsfaktore speel ook ŉ rol.

Hartprobleme is die algemeenste mediese oorsaak van sterftes onder anoreksielyers. Beskadiging van die senustelsel kan plaasvind en bloedarmoede kom ook voor.

Vir anoreksielyers is daar ŉ direkte verband tussen hulle waarde as mens en hul gewig. ŉ Gewigstoename lei vir hulle tot ŉ sterk afname in eiewaarde.

Die eetsiekte wat intree, hou onbewustelik twee voordele in: eerstens word die ouers gedwing om beskermend op te tree en nie eise te stel nie, en tweedens gee dit aan die lyers die mag om hul gesin te beheer.**

Pouse: 20 sekondes

Herhaal van *tot**

Pouse: 20 sekondes

O: Dit is die einde van Deel 1, Vrae 11 - 15. Kyk nou na Deel 2, Vrae 16 - 20.

Pouse : 20 sekondes

**Oefening 2: Vrae 16 - 20**

Luister na die voorlesing *'n Wol(f)haarstorie* en beantwoord Vrae 16 – 20. Jy sal die voorlesing twee keer hoor.

**'n Wol(f)haarstorie**

*'n Skrywer moes meer as N$200 miljoen opdok vir haar valse outobiografie oor die Joodse volksmoord en haar soektog na haar ouers.

Haar verhaal het die wêreld se verbeelding aangegryp: dié van 'n sewejarige Joodse meisie wat ná die Tweede Wêreldoorlog 'n swerftog van 3 000 km aangepak het om haar ouers te soek en toe deur 'n trop wolwe versorg is.

Maar ná 'n uitgerekte regstryd tussen die Belgiese skrywer, Misha Defonseca en haar uitgewer, het sy 11 jaar ná die verskyning van haar boek gebieg: dis alles louter fiksie.

Haar bekentenis het daartoe gelei dat 'n regter in die Amerikaanse deelstaat Massachusetts, waar Misha woon, beslis het dat die 77-jarige skrywer N$236,25 miljoen aan haar uitgewer, Mount Ivy Press, en die eienaar daarvan, June Daniel, moes terugbetaal. Misha het díe bedrag 'n paar jaar gelede in 'n ander hofsaak van hulle geëis weens kontrakbreuk.

In haar outobiografie vertel sy van haar vier jaar lange soektog te voet deur Europa na haar ouers, wat in die Nazi's se kloue beland het. Sy moes van wurms en afval leef. Sy vertel hoe sy 'n Nazi-soldaat doodgemaak het toe dié haar wou verkrag.

Haar boek was met sy verskyning in 1997 'n topverkoper in Europa en is in 18 tale gepubliseer. Dit is vir 'n Franse fliek verwerk. Maar in 2008 was sy verplig om te erken: sy het alles uit haar duim gesuig. Sy en haar ouers was nie Joods nie, maar Katoliek. En in die tyd dat sy kamstig deur wolwe versorg is, was Monica de Wael, soos sy eintlik heet, op die skoolbanke in Brussels, België, en in die sorg van haar oupa, Ernest de Wael, en haar oom Maurice de Wael.

Sy kon nie onderskei tussen die werklikheid en fantasie nie. Misha en haar Belgiese man woon sedert die tagtigs in Amerika en sy het gereeld by Joodse byeenkomste van haar beproewinge vertel.**

Pouse: 20 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 20 sekondes

O: Dit is die einde van Oefening 2 en ook van die eksamen. Dankie.